Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD
Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

A. VORSTER APTEEK
Octron-gebou,
Lombardstraat.
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074.

JAARGANG XXIII DONDERDAG 6 JUNIE 1968 No. 12

# DRASTIESE VERANDERINGS IN A.S.B.?

## Kongres volgende maand hier

**DRATSTIESE hervormings in die A.S.B. word verwag tydens die kongres op die P.U. wat van 2 tot 6 Julie sal duur. 'n Sterk afvaardiging het maandaat van die studenteraad verkry om die P.U. te verteenwoordig. Pukke sal ook die geleentheid kry om die kongres as waarnemers by te woon.**

Die P.U.-afvaardiging is mnre. J. P. L. van der Walt (leier), Jan-At Kruger, Neels Smit, Dirk Laufs, Anton van Rensburg en Bertie Fourie. Voor die kongres sal die afgevaardigdes die Jeugkongres in Pretoria bywoon.

**VERANDERING**

Verskeie beskrywingspunte word deur die Pukafvaardiging aangevra. 'n Verandering in kuns-kulturele sake sal deur mnr. Jan-At Kruger aangevra word. Mnr. Neels Smit bepleit die daarstelling van 'n maandelikse A.S.B.-blad waarin Afrikanerstudente hulle opinie kan gee. Die A.S.B. kan hierdeur ook sy beleid uitdra. Mnr. Anton van Rensburg sal aanvra dat die naam van die departement Studie en Navorsing verander word. Verskeie ander beskrywingspunte word nog van die afvaardiging verwag.

**HERVORMING**

Die hervormings wat in die A.S.B. beoog word is reeds druk in bespreking op verskeie kampusse. Na verneem word, is 'n hele dag in die vyfdaagse kongres afgestaan om moontlike verbeterings in die huidige samestelling te bespreek. Alle veranderings sal prakties en organisatories van aard wees, daar sal geen prinsipiële veranderings kom nie. Hieroor het die A.S.B.-president, mnr. Ben de Klerk, onlangs in 'n radio-onderhoud besliste standpunt ingeneem.

Reëlings is reeds getref vir die huisvesting van kongresgangers wat vanaf 1 Julie by die P.U. sal opdaag. Die kongres word in die Lettie du Plessiseetsaal gehou waar verskeie referente en sprekers sal optree. Die Stellenbosch-episode sal na verwagting baie bespreking uitlok, veral in die „wandelgange."

**PROGRAMME**

Verskeie programme, wat die nodige afronding aan die organisasie gee, is reeds op die pers. Kongresgangers hoef dus nie te sukkel om presies uit te vind waar wat plaasvind nie. Spesiale geriewe vir die pers sal moontlik beskikbaar wees.

Soos dit 'n jaarlikse instelling geword het, behoort die A.S.B.-kubsfees die hoogtepunt van die samekoms te wees. Na verwagting sal die Konservatoriumsaal hiervoor gebruik word. 'n Wedyweraar teen die hoogtepunt is die dinee wat gehou sal word.

**MONSTER**

Om die Pukke breedvoeriger omtrent die kongres in te lig, word 'n monstervergadering Woensdagaand 12 Junie gehou.



**Die Thalia-toergroep wat gedurende die komende wintervakansie met „Die Man met 'n Lyk om sy Nek" deur Suidwes gaan toer. Sien berig op bladsy 4.**
**Foto: Fotokuns.**

## IN U LIG IS ONS HOOP VIR TOEKOMS: DE WET

**Die medestudent en die studente-aktiwiteite het 'n sterk invloed op studentevorming — veral op geestelik-kulturele terrein, het prof. J. M. de Wet, hoof van die departement Statistiek op 'n onlangse personeelvergadering gesê. Hy het gepraat oor Studentevorming n.a.v. sy ervaring as student en dosent.**

Hy het erken dat omstandighede verander het sedert sy studentedae, maar tog het die spanninge en emosionele krissise van die hedendaagse student proeër ook bestaan — die liefdesprobleem.



**Prof. J. M. de Wet, wat 'n hele aantal jare dosent aan die P.U. was, en wat vanaf 1 Julie diens aanvaar as rektor van Fort Hare Universiteitskollege.**

Prof. De Wet meen ook dat dit jammer is dat ontgroening weens druk van buite afgeskaf moes word, want dit het tog 'n sterk vormende invloed op hom gehad.

**VERTROUE**

Hy het ook volle vertroue in die Suid-Afrikaanse student. Vanaf die sportterrein tot by die lesingsaal is daar vandag meer uitstaande prestasies as in sy studentedae.

Om suksesvolle studentevorming te bewerkstellig moet die nodige middele beskikbaar wees, het prof. De Wet gesê.

**BELEGGING**

Prof. De Wet het dit sterk beklemtoon dat 'n belegging in ons universiteite baie voordeel inhou vir ons kinders en vir die Republiek van Suid-Afrika.

Mnr. De Wet is van mening dat die P.U. vir C.H.O. vinnig ontwikkel as 'n inrigting vir Hoër Onderwys, en dat hy t.o.v. die vorming van die „hele" mens op die voorgrond staan. Die grondrede hiervoor vind ons in die beginsel: In U Lig. Daarop vestig ons ook die hoop vir die toekoms.

## Kolleges vir nie-blankes vry

Die Eerste Minister, mnr. John Vorster, het in Kaapstad aangekondig dat die regering groter vryheid aan die nie-blanke Universiteits-kolleges in Suid-Afrika gaan gee.

Daar is besluit dat die Universiteitskolleges vrygestel moet word van die akademiese beheer van die Universiteit van Suid-Afrika. Elkeen behoort op sy eie tyd in staat te wees om hulle eie sillabusse op te stel, sy eie studente onafhanklik op te lei, sy eie eksamens te hou, graad en diplomakursusse daar te stel, en om hulle toe te ken.

**STANDAARDE**

Die besluit is geneem uit oortuiging dat die universiteitskolleges en hulle personeel die akademiese standaarde bereik het wat vergelykbaar is met die onafhanklike universiteit.

## DEKAAN Sê LATYN IS ONNODIG

Prof. W. A. Joubert, dekaan van die Fakulteit Regte van die Unisa beaam mnr. Oberholzer, Sekretaris van Justisie se verklaring dat Latyn vir die regstudent nie meer 'n noodsaaklikheid is nie.

**PRAKTIES**

Hy stel voor dat die regsstudent eerder 'n meer praktiese taal soos Duits, Frans of 'n Bantoetaal neem. Selfs in lande soos Duitsland, Frankryk en Engeland verdwyn die tradisionele kursus in Latyn geleidelik.

Tans is daar geen universiteit in Suid-Afrika wat 'n regskursus sonder Latyn aanbied nie.

## Universiteit van Natal kry A.S.B.-tak

'n Tak van die A.S.B. is onlangs vir die eerste keer aan die Universiteit van Natal gestig. Die besluit vir die stigting het spontaan uit die studentegelede gekom, en nie van die Hoofbestuur nie. Die besluit het groot belangstelling en steun van die studente uitgelok.

Mnr. Renier Schoeman, President van die Konserwatiewe Studentevereniging, sê dat die voorsitter van die Durbanse tak van die Universiteit, mnr. Anthony William-Jones, hulle planne baie goedgesind is.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

ADVERTENSIEBURO
Studenteraadskantoor
P.U. vir C.H.O.

**TE KOOP**

WIT Volkspelerok. Feitlik nuut. R10. Kontak mej. A. Malan. Tel. 2169.

**AANKONDIGING**

**20th Century-Fox**
(voorheen Grand Teater)
het weer geopen.
**CAMELOT**
vertoon nou.
**GRAND PRIX**
kom binnekort.

**HUIS EN TUIN**

Vir:-
* alle fietsbenodigdhede
* skoenreparasies
* droogskoonmaak.

**Studente:**

ONS VOORSIEN GRAAG IN U BEHOEFTES

Tomstraat 82,
Telefoon 4641.

**LINDEQUE**
**Skoenreparasies**
— Octron-gebou —
Twee depots op Bult:
BULT DROOGSKOONMAKERS
WESTVAAL DROOGSKOONMAKERS
Spesiale pryse vir studente.
Aflewering op die Kampus.

**J. HEIDEMA**
vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**
—
**Opberging**
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

Vir al u
APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE
Besoek:
**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**
(EDMS.) BPK.
●
Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.



# die WAPAD

DONDEERDAG 6 JUNIE 1968


# Uitwaarts met of sonder kennis?

Elders in hierdie uitgawe verskyn 'n uitspraak van een van ons hoogleraars dat die taak van die jeug binne ons rassesituasie is om 'n deeglike studie daarvan te maak en ons deeglik daaroor te begrond. Alles wat die twee sprekers op die betrokke Korpsvergadering gesê het, kan ons maar net ten sterkste beaam. Ons het dit al immers vroeër in hierdie kolomme oor die student se belangstelling en betrokkenheid by ons rassesituasie gehad. Dit is jammer dat so min studente hulself die moeite getroos het om die betrokke vergadering by te woon. Ons vertrou wel dat hoë toetspunte sal aantoon dat dit nie om dowe neute was nie.

Wat die spreker gesê het, kan egter woord vir woord van toepassing gebring word op 'n ander situasie waarin ons ons vandag saam met ons land bevind — die van ons groter betrokkenheid in wêreldgebeure en ons noodsaaklike aanpassing by hierdie situasie.

Dit het die afgelope jaar en half 'n mode geword om te praat van die ,,uitwaartse beweging", asof ons hier te doen het met iets heel nuuts en oorspronkliks. In werklikheid was dit maar die logiese en baie noodwendige uitvloeisel van ontwikkelinge in die twee dekades wat op die Tweede Wêreldoorlog gevolg het. Die ontnugtering met die toestande wat tot die oorlog aanleiding gegee het en die daaruitvloeiende titaniese stryd teen ongeregtigheid in enige vorm waar ook al, het tot gevolg gehad dat van ,,huishoudelike sake" kwalik nog enige sprake kon wees. Die verbeterde kommunikasies tussen lande het hierdie nuwe toestand verder bevorder. Die wêreld het op dramatiese wyse een geword. As sulks sou dit abnormaal wees as by Suid-Afrikaners nie die besef ontstaan het dat die nuwe wêreld aanvaar moet word en dat gestreef moet word na die aanvaarding van ons land en sy vraagstukke as 'n deel daarvan nie. Ons vermoë om in Suider-Afrika as leier op te tree, het verdere dringendheid hieraan gegee.

Maar hoe is dit gesteld met ons as Afrikaners, en in besonder ons Afrikaanse studente se kennis van die wêreld waarin ons ons bevind? Ons raak entoesiasties oor die nuwe ,,uitdagings" en bestempel gou elkeen wat nie lustig saam ,,uitwaarts, uitwaarts" skree nie, as 'n verkrampte maar hoeveel wetenskaplike kennis dra ons van die internasionale toneel waarop ons ons begewe?

As 'n mens moet oordeel na die antwoorde wat soms in opnames op elementêre vrae gegee word, is die kennis maar skraal. En oordeel mens aan die karige belangstelling onder studente vir vergaderings van instellings soos die Afrikaseminaar en die Sentrum vir Internasionale Politiek, en die swak besoek deur die deursnee-Puk aan lg., skeel dit die meeste maar min om daardie kennis te vermeerder.

Ons het aan hierdie universiteit uitmuntende geleenthede om ons belangstelling in hierdie sake wat nou so aktueel geword het, te verdiep en uit te leef. As sulks is ons in 'n uitstekende posisie om die leiding te neem in die geledere van die Afrikanerstudent.

Maar dan moet ons nou begin.

# Die Besembos

Die Besembos is die rekenskap van ons studente op akademiese gebied en die spieëlbeeld van hierdie universiteit. Aldus sy hoofredakteur.

As spieëlbeeld van hierdie universiteit het hierdie blad, wat sy naam ontleen aan die bekende gedig van Totius, en wat reeds meer as veertig jaar bestaan, sy plek nog altyd met die hoogste eer beklee. Vir die standaard daarvan hoef geen Puk hom nog te geskaam het nie. Verlede jaar se uitgawe het die blad finaal gevestig as van die beste van sy soort.

Maar die blad is ook rekenskap van ons as studente. Dit is ons blad. Daarom moet ons ook daarop ingestel wees om die blad as sulks te dra, daartoe by te dra en as trots van ons universiteit wyer uit te dra.

Dan maak ons daarvan iets werklik groots.


**J. A. VAN DER WALT & KIE**
(EDMS.) BPK.
(Direkteure: J. A. van der Walt, P. G. van der Walt).

*Boekhouers, Sekretarisse, Assuransie- en Belasting-adviseurs en Algemene Agente.*
Vir puik gehalte tikwerk, afrolwerk en fotostatiese afdrukke van belangrike dokumente.

TELEFOON: Kantoor 5796, Woning 7326, Posbus 913, Stadsentrum 118.


# In U Lig

Job 1:9. En die Satan antwoord die Here en sê: Is dit verniet dat Job God vrees?

Uit die vraag van God aan Satan in die vorige vers, blyk dit ongetwyfeld dat Job vroom was. 'n Eg vrome lewensopenbaring. Maar daarop stuur Satan nie af nie. Nee, hy wil Job se vroomheid as vals bewys. Hy stuur af op Job se innerlike waarde van sy godsdiens. Satan wil eintlik sê dat dit vanselfsprekend is dat Job so vroom is. Satan het 'n rede daarvoor. Om hierdie vraag te vra, laat Satan maar net sy oog gaan oor Job se uiterlike seëninge van besit.

Gee God dit aan Job om Job se vroomheid te kry? Of beantwoord God met die seëninge juis Job se vroomheid?

Selfs Satan wil te kenne gee dat voorspoed op stoflike gebied minderwaardig is aan geestelike voorspoed.

Die antwoord wat Satan wil, is dat die grond van Job se vroomheid sy geweldige rykdom is. Daarom bly Job vroom. Dit is die standpunt van die ,,bron" van alle boosheid.

Daarom is dit ook vandag nog die standpunt van die bose wêreld teenoor ons christenwees. Die nie-Christen probeer om die Christen te laat trap in die strik van voorspoed. Selfs Christus moes hoor: ,,Al hierdie dinge sal Ek aan U gee as U neerval en my aanbid."

Hiermee het nie alleen die Kerk in haar stryd met die wêreld te doen nie, maar ook elke lewende lid van die kerk. Die wêreld wil hê die christen moet beswyk as al sy besittings hom ontneem word. Al wat ons is en het is alleen genade.

Grond daarom u vroomheid in Christus. Hy was van alles en almal verlaat. Ja, verlaat deur God en mens. Siedaar, geen besit: naak het Hy aan die kruis gehang. Getrou tot in die dood! Job het net sy lewe behou. Tog het hy weer heerlikheid gesmaak. Ook getrou in alles.

Laat ons daarin krag kry om selfs in die grootste nood, vrug te dra wat pas by ons christenwees. Selfs as druk op jou uitgeoefen word.

Wees daarom in alles getrou, boweal in God. Want in U lig sien ons die lig — in U lig sien ons die lig blywend.

# - Deur My Lens -

Long time no see. En niemand het my intussen kwaad gemaak nie. Ons almal leef in 'n bestendige debat met mekaar — gemoedelik, vriendelik vol stilte in hierdie vaal dae terwyl alles verbruin. Selfs die duiwe se roep klink minder dikwels op. Vaal gelykmatige dae van gelatenheid. Of hoe sê Yeats:

„That old perplexity an empty purse,
Or the day's vanity, the night's remorse."

Sien, ek lees darem poësie, maar net in die winter. Dikwels word dit ons natuurwetenskaplikse ten laste gelê dat ons niks van die „hogere koue paaie" wil weet nie. Maar ek nooi julle uit om te kom kyk wat ons doen — in ons orde, ons verbysterende eksaktheid is alles louter poësie. Want daar is net een noodwendige waarheid. Die groot wysgere sê 'n ding op honderd maniere en elkeen is op sy manier na aan die waarheid. Dit terloops. Ek wou eintlik skryf oor hoe ek 'n Deur my lens fabriseer.

**MAKLIK**

Nou ja, dis vreeslik maklik. Jy gaan sit voor die tikmasjien, voete mooi netjies langs mekaar hande op die toetse. Dan laat jy jou gedagtes vlindervlugte onderneem — gewoonlik is die gedagtes bietjie fantasties en ook nie geskik vir publikasie nie. Jy volg later die tweede weg: jy dink aan al die ouens wat jou kwaad maak in die studentelewe. Eerstens die S.R. — as hulle 'n sotlike ding gedoen het voer jy 'n stamdans op hulle koppe uit: vriendelik, snydend, ironies — al na gelang van die omstandighede. Maar jy moet versigtig wees — en gewoonlik is ek half jammer vir hulle.

Daarna kyk jy met 'n houtoog in die studentelewe rond: daar is altyd voos kolle — dit probeer 'n mens repareer, want die moderne beskawing spesialiseer in dekadensie.

**RUIKERS**

So deel ek klappe en ruikers uit — heerlik entoesiasties, en lag vir die volgende week 'n dawerende harlekynlag. Iemand is altyd kwaad — eintlik is dit sleg vir die maag om kwaad te word. Hier is goeie raad: behou die lag.

En so is mens na presies twintig minute al weer klaar met 'n volgende Deur my lens. Baie maklik,

REFLECTOR

# Ons Lesers Skryf

## WAAROM NIE TEE VIR SONDAE, VRA LESERES

Geagte Redakteur,

**Tydens 'n koshuisvergadering in Maart 1968 het daar 'n versoek van die kant van die dames van Oosterhof gekom dat daar op Sondae in die oggend ook tee gemaak word. Die matrones het geen beswaar gehad nie, en dit is daarom na die koshuisbestuurder verwys. Hy het die versoek geweier omrede hy nie die een koshuis bo die ander wil tegemoet kom nie.**

KERK

Wat is so snaaks omtrent 'n Sondagoggend dat daar geen tee gemaak word nie? 'n Koppie tee na kerk op 'n Sondag smaak net so vorentoe soos in die week as ek van klas af terugkom. Dit moedig ook net die studente aan om na kerk 'n draai by 'n kafee te maak om 'n koppie tee te gaan drink — en my insiens rym dit nie!

VERBODE

Ek wil so ver gaan deur te beweer dat dit die dames (en mans?) net aanmoedig om tee in hulle kamers te maak — wat natuurlik verbode is, maar die koshuisowerhede mag nie moedswillig in die versoeking stel nie!

Ek sal dit waardeer as hierdie sakie weer in heroorweging geneem sal word en dat die besluit positief sal wees. Indien dit in die praktyk bewys kan word dat dit 'n vermorsing van tee is wat nie gebruik word nie, is ek bereid om verlief te neem met die huidige reëling.

(Mej. LIESJE SALOMONS

## Studentelewe skuld niks aan studente: lesers

Geagte Redakteur,

**Die mens is in sy wese, na sy geskapenheid, egoïsties en gierig. Die student is 'n mens (nadat van alle moontlike en onmoontlike verskille geabstraeer is). Dus; die student is in wese gierig en egoïsties. Altyddeur hunker die vraag in hom: „Wat kan ek wen sonder om myself te offer?"**

Die beginsel gawe sonder wins, soos Christus dit duidelik en pertinent bepleit het, gaan in die gewoel om bevrediging van die ego verlore . . Die student wag met verlangende oë en geopende arme na dit wat die studentelewe hom skuld . .

SKULD

Wat skuld die studentelewe hom? Beter sleepgeriewe? 'n „Gees" van „gemütlichkeit"? Die studentelewe is nie debiteur aan die student nie. In werklikheid skuld hy die student NIKS! Daarenteen is die student baie verskuldig aan die studentegemeenskap en aan die studentelewe. Hy het gekom om homself te offer — nie as martelaar nie, maar as bouer van 'n ideaal, weg van die idieële, midde in die realiteit. 'n Ideaal wat vir hom 'n wins daarin inhou, dat hy homself met hierdie ideaal kan identifiseer:

VOORTMARSJEER

'n Kerngesonde, dinamieskeppende gemeenskap wat, te midde van 'n geestelikverbrokkelende wêrld, voortmarsjeer met die vaandels van inisiatief, verantwoordelikheid en „gawe sonder wins".

H. C. POTGIETER en S. C. COETZEE. Uitspan

## P.N.B. se doel en taak deur voorsitter geskets

Op die onlangse vergadering van die P.N.B. in die Frans du Toitgebou, het die voorsitter, mnr. Callie Coetzee, kortliks die doelstellings van die bestuur geskets.

Die bestuur se hoofdoel is om positiewe leiding aan studente te gee d.m.v. toesprake deur outoriteite oor wêreld-gebeure.

INSTITUUT

Die P.N.B. werk ten nouste saam met die Instituut van Afrikanistiek en die Sentrum vir Internasionale Politiek.

Mnr. Coetzee het ook die studente herinner aan die volgende simposium van die vereniging wat op 21 Augustus vanjaar sal plaasvind. As spreker sal optree dr. Dennis Worrall, van die departement Staatsleer van Unisa.

KOM BESOEK:
MIAMI RESTAURANT
Kerkstraat 213,
Johan Dreyer-gebou.

# A.S.B. nie ondemokraties nie, sê Hoofbestuur in verklaring

**NA 'n vergadering van die Hoofbestuur van d ie A.S.B. op 20 Mei in Johannesburg, is die volgende verklaring uitgereik. Die vergad ring het gevolg op die kritiek wat op Stellenbosch teen die A.S.B. uitgespreek is.**

Die A.S.B. berus op Christelik-Nasionale grondslag wat die breëre voedingsbodem van die Afrikaner se Protestants-Christelike beskawingserfenis is. Hierdie grondslag vorm die uitgangspunt van al sy aktiwiteite. Die Hoofbestuur glo dat die liefde vir en die getrouheid aan hierdie beginsel nooit sal sterf in die hart van die Afrikanerstudent nie. Slegs die ondergang van hierdie beginsel op die Afrikaanse Hoër opvoedkundige inrigtings sal die ondergang van die A.S.B. en die toekomstige ondergang van die Afrikanervolk se Christelike lewens- en wêreldbeskouing beteken.

BEGINSELBESWARE

Die Hoofbestuur wil dit duidelik stel dat beginselbesware teen die A.S.B. onderskei moet word van besware teen die praktiese organisatoriese werksaamhede van die Bond. Beginselbesware impliseer distansiëring van die A.S.B. se grondslag — praktiese besware daarenteen waaronder die metodes van affiliasie kan lei tot interne hervorming van die Bond se werksaamhede, sonder dat dit distansiëring van die Bond meebring.

Die Christelik-Nasionale grondslag veronderstel positiewe interne reformasie. Revolusionêre optrede druis direk in teen hierdie grondslag.

Geen organisasie kan hom daarop beroem dat hy foutloos of volmaak is nie. Ook die A.S.B. wil hom nie aan hierdie denkfout skuldig maak nie. Aangesien die Kongres die hoogste gesag is, is dit die liggaam wat die reformasie te weeg kan bring. Tydens die eersvolgende kongres word 'n volle dag afgesonder vir die bespreking van interne organisatoriese aspekte.

DEMOKRATIES

**Dikwels word die bewaring gemaak dat die A.S.B. nie demokraties funksioneer nie. Die regte begrip van demokrasie dui daarop dat bogenoemde mening nie korrek is nie. Die A.S.B. is 'n band waarby studente wat demokraties verkies word namens hul inrigtings affilieer 'n Nuttige parallel kan getrek word met S.A. se affiliasie by die V.V.O. Geen landsburger van S.A. is lid van die V.V.O. nie. Die landsburgers het demokratiese reg om volksverteenwoordigers te verkies waaruit die Kabinet saamgestel word wat wat dan besluit of S.A. by die V.V.O. sal affilieer of nie. Soortgelyk verkies studente hul Studenterade op 'n demokratiese wyse. Hierdie studente oorweeg dan op grond van die beginselgrondslag waarop hulle verkies is of hulle by die A.S.B. sal affilieer al dan nie. Hieruit volg noodwendig dat geen student lid van die A.S.B., maar slegs lid is van 'n bepaalde Studentegemeenskap waarvan 'n demokraties verkose Studenteraad affilieer of nie. Hierdie metode van verteenwoordiging is dus volkome in ooreenstemming met die demokratiese beginsel.**

Op hierdie wyse word die verskillende Afrikaanse Universiteite en Kolleges in een landswye Bondsorganisasie saamgesnoer, wat 'n geleentheid bied om die Christelik en Nasionale grondslag gemeenskaplik sowel Binnelands as Buitelands uit te dra.

A.S.B. en N.P.

In hierdie A.S.B.-polemiek is telkens gepoog om 'n wig in te dryf tussen die A.S.B. en die Nasionale Party. Hier moet duidelik onderskei word tussen die kulturele sfeer en die staatkundige politiese sfeer. Die A.S.B. is 'n suiwer kultuur-organisasie en onderskei hom juis hierin van die struktuur van enige politieke party. Kultuur sluit egter alles in wat die eiendomlike van 'n bepaalde gemeenskap is; daarom kom politiek in sy wydste betekenis noodwendig hier ter sprake en nie partypolitiek as sodanig nie.

Aangesien die A.S.B. en die Nasionale Party uit dieselfde voedingsbodem ontstaan het en beide vanuit die Christelik-Nasionale beginsel redeneer, is daar vanselfsprekend raakpunte tussen hierdie twee instellings. Steeds behou die A.S.B. hom egter die reg voor om as kultuurinstelling 'n gehoorsaamheid aan sy Christelike beginsel positiewe opbouende kritiek te lewer.

In die politieke sfeer word Afrikaans- en Engelssprekende in 'n S.A.-staatkundige verband saamgebind wat nie die kulturele volkse verskeidenheid van beide volksgroepe ophef nie. Hierdie verskeidenheid regverdig die bestaan en voortbestaan van die A.S.B. as 'n Afrikaanse studente kultuur-organisasie.

## OUD-PUK IS DANKBAAR EN TROTS

**Onderstaande brief is aan die Studenteraad na aanleiding van die afgelope Intervarsity gestuur. Dit is geskryf deur Dr. G. P. L. van der Linde, predikant van die Gereformeerde Kerk in Bloemfontein.**

Die Studenteraad,
P.U. vir C.H.O.,

Geagte Voorsitter en here,

Nabetragting oor die botsing Saterdag tussen P.U. vir C.H.O. en U.V. het openlik in die Volksblad van 13.5.68 geskied. Na aanleiding daarvan skryf ek om waardering en gelukwensing teenoor u en die Pukke wat Saterdag op die pawiljoen was, uit te spreek. Die feit dat daar felle kritiek oor Saterdag se gebeure uitgespreek is, maar nie aan die adres van die P.U. nie, spreek boekdele.

Ten spyte van kritiek wat ons ouer garde soms uitspreek t.o.v. ontwikkelinge aan die studentefront — ook by u — is ons tog ook dankbaar en trots dat so 'n massa P.U. studente hulle so gedra by so 'n geleentheid soos Saterdag. Dit doen mens se hart goed en dit wek die vertroue dat die jeug tog nog in hierdie tyd van ontaarding, nugter kan bly en kan onderskei tussen gesonde studentepret en banaliteite.

HAARTOOISEL

Ek sluit af deur op te merk dat dit net jammer was dat mnr. Schoonhoven blykbaar verlede week te besig was om aandag aan u dirigente se haartooisel te gee, en dat u hoofdirigent hom laat verlei het om by een geleentheid net so op die rand van die banale om te draai! Dit so terloops, en glad nie bedoel om afbreek te doen aan my totaal indruk wat my noop om te sê: Mooi Pukke! Al het Theos nie mooi gespeel nie — op die pawiljoen was dit mooi! Ek hoop dat u as S.R. die swaar taak om die blymoedige eenheidsgees wat onder studente so kosbaar is, veral die C.H.O.-gees wat pas by die jeug, te kweek en te lei — sal kan volvoer vir die res van die jaar!

Hartlike groete,

U vriend,

G. P. L. v.d. LINDE.

## PUKKE EN KOVSIES STAAN STERK AGTER A.S.B.

**U.O.V.S. en die P.U. vir C.H.O. staan nog net so sterk soos altyd agter die A.S.B., en hoewel ons kennis geneem het van die aanklagte teen die A.S.B., hou meeste van die „kritiekargumente" nie water nie, en buitendien kan ons nie vereenselwig met die metodes wat gebruik is op sommige kampusse om die A.S.B. sogenaamd te „hervorm" nie.**

So sê mnre. Willie Coetzee en Voet du Plessis, studenteraadsvoorsitters van die P.U. en U.O.V.S. onderskeidelik, in 'n verklaring wat hulle op 20 Mei uitgereik het tydens 'n Beleidsraadvergadering in Johannesburg.

GRONDSLAG

Volgens die verklaring disaffilieer 'n geaffilieerde homself slegs van 'n liggaam indien dit gaan oor besware teen grondslag of doelstelling, terwyl by kritiek teen werkwyse en samestelling hervormings van binne die korrekte is (Die verklaring is uitgereik na die besluit van Stellenbosch se studenteraad om as lid van die A.S.B. te bedank).

P.U. vir C.H.O. en U.O.V.S. vereenselwig hulle met die grondslag en doelstellinge van die A.S.B. en waar daar veranderinge nodig is betreffende die samestelling of werkwyse van die A.S.B., wil ons as lede soaanpassings op 'n rustige manier van binne die A.S.B. self doen, lui die verklaring.

Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTES

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

GROSVENOR MOTORS
Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon: 4351/2/3
POTCHEFSTROOM.
GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS
ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLAINE en
GALAXIE
Asook:
VESPA
en
LAMBRETTA
BROMPONIES.

## KUNSGESELSIE

Een van die woorde wat baie dikwels in kunsterme voorkom is akwa— bv. akwamarile, akwamaryn, akwrael, akwareldruk en akwatint.

**AKWATINT**

Akwatint is 'n etsproses wat „wassen" tekeninge (met verdunde ink of verf gedoen) naboots in kleure, tinte en kleurskakerings. Daar is verskillende werkwysers die van „stuifgrein, gietgrein en die van Saint-non." By die stuifgrein-proses word die koper-plaat in 'n hoë, goed geslote kis gelê, waarin bo 'n gat is, waaroor fyn poeier geblaas word wat dan in 'n wolk op die plaat neerkom. Vervolgens word die plaat versigtig weggeneem en aan die onderkant weinig verwarm waardeur die poeierkorreltjies dan vasklou. Daarna word die tekening gemaak en vervolgens word die ligste plekke in die tafereel bedek met 'n suur-onvatbare middel soos afsalt.

**KORRELS**

Die openinge tussen die korrels word dan enigsins weggevreet. Vervolgens word die ligste plekke afgedek totdat ten slotte die donkerste partye vele male geëts is, waardeur die punte nie alleen dieper nie, maar ook breër in die koper weggevreet is.

By vergroting ontdek mens in die afdruk 'n groot aantal groot en klein wit punte, wat tesame 'n bepaalde toon gee. By die gietproses is dit net die omgekeerde. Vervolgens word geëts net soos by die stuiggreinproses. Die bevinding van die monnik van Saint-non berus op 'n soortgelyke metode.

**KOPERVYSELS**

Ploos van Amstel bestrooi die etsgrond met fyn amaril of kopervysels, lê daarop 'n deursnee van die reproduseerde tekening, druk die kontoere, tone en nuanses daarvan deur sodat die amaril deur die etsgrond droog. By meer druk ontstaan swaar by mindere subtieler skakerings. Nadat die amaril verwyder is word op dieselfde etsproses voortgegaan.

Hierdie akwatint-proses het alreeds in die middel van die agtiende eeu ontstaan en is tot aan die begin van die negentiende eeu gehandhaaf. Dit is moontlik om dit in verskillende kleure af te druk soos Ploos van Amstel gedoen het, maar die mees algemene was om dit met die hand in te kleur.

**AKWAMANILE**

Die akwamanile was 'n sierlike skinkkannetjie vir water wat by die altaar gebruik is. Dit was in die vorms van fabeldiere en gewoonlik van brons. Akwamaryn is die seegroen verfstof wat veral in akwarel, tekening in waterverf gebruik is. Die kleure word direk op die papier aangebring en daar is nie eers van 'n vooraf getekende skema in liggrys of ligbruin gebruik gemaak nie. Akwareldruk is die kleurdruk van drie koperplate in fotogravure en is om en by 1880-1900 gebruik.

# Die Besembos is studente se rekenskap: Hoofredakteur

**„Ek sien Die Besembos as die rekenskap van ons studente op akademiese gebied." So het mnr. Piet Roodt, hoofredakteur van Die Besembos, hom uitgelaat in 'n onderhoud met Die Wapad.**

Mnr. Roodt het verder gesê dat die Besembos 'n spieëlbeeld wil wees van hierdie universiteit in al sy uniekheid na buite. „Op 'n verantwoordelike wyse wil ons 'n venster oopmaak na buite."

**SPANNING**

„Die tema, is vanjaar „spanning" en daarom sal die klem val op kompleksiteit, verwikkeldheid, beweging — selfs in die tipografie en tegniese verfraaiing van die blad. Die deurlopende motief moet deurgaans praat. Om in die resultaat die segging nog duideliker hoorbaar te laat word."

„Maar by hierdie primêre doelstelling wil ons nog 'n mikpunt oopslaan, dit naamlik om 'n blad te bring vol verskeidenheid vir die gemiddelde student. So behoort hy sy onmiddelike belangstelling te vind deur die differensiasie in breë belangstellingsfere — te wete geesteswetenskappe, kuns en natuurwetenskappe, en die jaar in beeld (deur middel van foto's) af te lees. Om Die Besembos ook te besit as dokumentêre bewys in die immer vlietende tyd. Ongelukkig is laasgenoemde by die meeste studente nog die basiese beweegrede om in besit te wees van 'n Besembos. 'n Bewys van die bankrotskap van die moderne student."

**VERNUWING**

„Die Besembos wil vanjaar op 'n beskeie wyse die vernuwing van verlede jaar voortsit. Om selfs in 'n nuwe idioom die ou waarheid flonkerend nuut te sê:"

Mnr. Roodt het voorts verklaar dat die belangstelling van die studente redelik bevredigend was. „Die standaard van die artikels is na my mening hoog. Maar indien daar nog persone is wat artikels, gedigte, prosastukke, sketse, interessante foto's ens. wil bydra, is ek bereid om dit nog tot Maandag 10 Junie te ontvang."



**Mnr. Piet Roodt. Foto: Fotokuns.**

# KUNSTENAARSALON VIR POTCH. BEOOG

**Die opening van die salon vir die uitstalling van plaaslike kunswerke in die Frans du Toitgebou vind plaas op 2 Augustus om 7.30 nm.**

Skilderye, mosaïek, pottebakkery, batik en beeldhouwerke van plaaslike amateurkunstenaars sal vertoon word.

**INSKRYF**

Die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse kunsvereniging nooi studente, dosente en lede van die publiek hartlik uit om voltooide sowel as onvoltooide werke in te skryf en so die gehalte van u werke te toets.

Die sluitingsdatum: 1 Augustus om 8.30 vm.

**KEURING**

Die word egter verkies dat kunswerke gedurende die laaste week in Julie ingehandig sal word vir keuring voor die tentoonstelling.

Die afgelope twee jaar is werke van hoë gehalte deur plaaslike kunstenaars gelewer.

Die uitsluitlike doel van die salon is om aan plaaslike amateurkunstenaars die geleentheid te bied om van hul werke aan die publiek te toon.



'n sewejarige lid van die Potchefstroomse kinderorkes wat binnekort hulle eerste uitvoering lewer. Foto: Fotokuns.

## Kunsvereniging nooi studente uit

Die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, nooi die studente van die universiteit hartlik uit om aan te sluit by hul vereniging.

**LEDEGELD**

Daar is voorsorg getref vir verminderde ledegeld vir studente. Belangstellendes kan met mnr. Teurlinckx in verbinding tree.

Die vereniging is nie slegs vir dosente en lede van die publiek nie, en daarom sal hulle baie graag studente in hulle geledere wil opneem.

Op 21 Junie om 7.30 nm. lewer mnr. G. M. Ballot, hoof van die Kunsgeskiedenisdepartement 'n voordrag oor die Vlaamse Ekspressionisme in die Plantkundesaal.

# THALIA OP TOER MET MAN EN LYK

**Die Thalia Toneelvereniging se reëlings vir hul toer na Suidwes-Afrika in Julie vorder goed, het 'n lid van die bestuur aan Die Wapad gesê.**

Die groep gaan vanjaar toer met 'n stuk van Bartho Smit, nl. „Die Man met 'n Lyk om sy Nek." Die hoofrolle word vertolk deur Hans Strydom en Riana Coetzee. As regiseusse het vanjaar opgetree mev. Elize Scheepers, verbonde aan die Laerskool Hendrik Potgieter.

**OPVOERINGS**

Die groep voer die eerste keer op in die saal van Hendrik Potgieter eerskomende Vrydagaand om 7.00 nm. Op toer sal sestien opvoerings gehou word, waaronder twee in Windhoek.

Die groep vertrek op 26 Junie uit Potchefstroom en keer weer op 25 Julie terug. Die leier van die groep, wat uit 12 mans en 12 dames bestaan, is Fanie Coetzee, en die reismoeder mev. Du Buisson.

## Witsdosent kry vet beurs

Mnr. Manson Solomon wat in die Handel by die Universiteit van die Witwatersrand gegradueer het, het een van die hoogste Amerikaanse studentetoekennings verwerf. Mnr. Solomon wat besig is met sy doktorale in Filosofie aan die Columbia Universiteit, het 'n studiebeurs verower wat deur die Withuis op spesiale aanbeveling toegeken is. Mnr. Solomon het ook al verskeie ander toekennings, pryse en beurse verower en is tans 'n dosent aan Wits.

# OUD-PUKKE PRESTEER IN BUITELAND

Mev. Marie Wissing wat tans besig is met haar doktorale verhandeling in kliniese sielkunde aan die Vrije Universiteit van Amsterdam, het 'n assistentaanstelling in die Valeriskliniek by die universiteit gekry en help ook met die opleiding van die doktorale studente wat hulle prakties daar doen.

**TAALWETENSKAP**

Haar eggenoot, mnr. Daan Wissing, wat besig is met sy doktorale verhandeling in die Algemene Taalwetenskap, hoop om later in die jaar vir 'n paar weke sy studies in Engeland voort te sit.

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420, POTCHEFSTROOM.
Vir MODERNE MEUBELS en alle HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

TRUST APTEEK
TRUST BANK-SENTRUM,
TEL. 7116.
* Geskenke
* Pottebakkery
* Fotografiese
* benodigdhede.
Ons vriendelikheid en diens is u waarborg.
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.

GISELA MAIWALD
Fotograaf en Fotografiese dienste.
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

# KLEURLINGE IS MEES SUID-AFRIKAANSE GROEP: PROF. COETZEE

**„Die problematiek van die immigrante in Suid-Afrika is die eise wat hulle stel aan die immigrasiebeleid van ons land." So het prof. Hennie Coetzee, direkteur van die Instituut vir Afrikanastiek gesê toe hy die studente in 'n onlangse simposium van die P.N.B. toegespreek het omtrent die volksverhoudinge in Suid-Afrika.**

Prof. Coetzee het gesê dat die Engelstaliges in Suid-Afrika nog geen volk is nie, maar 'n splinter van 'n ander volk. Na Suid-Afrikanerskap vind ons 'n aanvaarding van gemeenskaplike vaderlandsliefde.

VERBETERING

Met Republiekwording in 1961, het daar 'n verbetering in die toestand van wedersydse aanvaarding van albei Engel- en Afkaanssprekende kante.

HETEROGEEN

Die kleurlinge is die mees heterogene groep in Suid-Afrika. In Potchefstroom, Kimberley en ander plekke het afsonderlike groepe ontstaan. Ons het hier te doen met die mees Suid-Afrikaanse groep, meer selfs as ons blankes aanvaar hulle die Europees georiënteerde kultuur. Hulle is geen splinter van 'n ander volk nie, hulle is in wese Suid-Afrikaans.

## Fanie van Zijl behaal goeie tyd oor 1500m.

Fanie van Zijl, Springbok-middelafstandatleet van die Puk het verlede Saterdag op Krugersdorp een van die beste vertonings van sy loopbaan gelewer toe hy in 'n tydtoets oor 1500 meter 'n tyd van 3 min. 45.4 sek. behaal het.

Hiermee het Van Zijl die fiksheidstoets maklik geslaag en hy sal nou beslis die span vergesel vir die toer na Wes-Duitsland later in die maand.

Fanie se tyd was net ietwat stadiger as sy S.A. rekord van 3 min. 43.3 sek. wat hy verlede jaar in gunstiger omstandighede in Port Elizabeth opgestel het. Dit is egter die vinnigste tyd wat nog ooit tydens 'n middagbyeenkoms in die binneland behaal is.

# JEUG MOET STANDPUNT INNEEM: PROF. SNYMAN

**Dit is nodig dat die jeug standpunt moet inneem t.o.v. die rassebeleid van die land en dat hy hom altyd moet begrond oor die aangeleentheid. Daarvoor is studie absoluut noodsaaklik. So het prof. W. J. Snyman verlede Woensdagaand gesê toe hy saam met mnr. J. D. van der Vyver 'n vergadering van Korps toegespreek het oor die taak en roeping van die jeug t.o.v. ons rassebeleid.**

Prof. Snyman het gesê dat die jeug navolgers moet wees van die beginsels van hul voorgangers, maar tye verander en die praktiese toepassing van beginsels moet tred hou daarmee. Dit gaan om die regte weg, die van reformasie, teenoor die van revolusie en evolusie.

GESINDHEID

Mnr. J. D. van der Vyer het hom in sy toespraak by prof. Snyman aangesluit en wat betref die gesindheid van die blankes teenoor ons rassesituasie gewys op die meerderwaardigheidsgevoel wat daar by baie blankes bestaan, iets wat die sterkste afkeuring verdien.

MIN

Die vergadering is gekenmerk deur die klein aantal persone wat hulleself die moeite getroos het om dit by te woon. Sowat 88 studente, die meeste eerstejaars was teenwoordig.

Korps beplan twee verdere vergaderings vir vanjaar.

Hy het ook gepleit vir die formulering van 'n aanvaarbare formule vir die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling wat nasionaal en internasionaal aanvaarbaar sal wees.



'n Toneeltjie uit „Die Man met 'n Lyk om sy Nek", waarmee Thalia gedurende die komende wwintervakansie deur Suidwes gaan toer.

Foto: Fotokuns.

## Verkeershoof is snaaks

Mnr. J. H .C. Hardford, assistent-hoofverkeersinspekteur van Potchefstroom het in 'n toespraak voor 'n groep studente gesê dat die studente se vertolking van party verkeersreëls hulle baie moeilikhede besorg. Hy het onder andere genoem dat die studente oor die algemeen meen dat die rooi-en-wit gestreepte veiligheidspaale daarop dui dat daar 'n haarkapper-salon in die nabyheid is.




Haai, mense, twee weke van rus en stilte ... en hier's ek weer..'

DIE GEZOEM

Dit was nou wel baie stil by die Karlien-blommetjies, maar dit is nie te sê dat die gezoem ewe skielik opgehou het nie! Wat het 'n mens so na die Intervarsity en so voor die eksamen die nodigste? Johan Theunissen reken hy het Hanlie Griesel en 'n koppie koffie meer nodig as die akedemie.

Elsabe van der Merwe sê haar bottel met die papiertjie in, het op Fanie Grobbelaar se eiland aan wal gestap.

Gerhard Postimus beproef deesdae die deeglikheid van sy Renault op Karlien se grondpad opweg na Annemarie Biesenbach — Quo Vadis!.

Basie Gey van Pittius en Mathilda van Vuuren is ook onder die geleder van die oudstryders want hulle sleep ook nou een aau,askies tog...!

MIDDEL TEEN GRIEP

Karin Traut het 'n nuwe formule: teen verkoue uitgevind Theo Asperien . . toemaar moet nou net nie te bly word nie, dis net tot haar beskikking.

Bertie Pretorius versamel goud . . maar hy wil glo geen helpers hê nie. Nou wonder ek maar net of dit nog steeds gaan om die goudprys . . of is dit die kys?

Santie van der Berg zoem deesdae „lovely-lovely" by Theuns se ore verby. Jan Ras ry knaend reisgeld uit tussen Brits en Potchefstroom. Hettie van der Walt is ook ras-end!

Ja, en glo dit of nie maar ek is ook op die end vir hierdie week, ek hoop julle kom die berg oor die volgende twee weke.

Lekker bly!

## *Fin is gelukkig op Puk*

Tot dusver is Kari Personen die student wat die hardste kan saam praat oor ver van die huis af. Sy tuiste is in Helsinki, Finland.

Die 17-jarige Kari, 'n B.Sc. geologie-student, wat hom nie deur die vreemde taal laat afskrik nie, en dit sommer baie gou baas geraak.

THABA JäH

Kari voel heeltemal tuis in Suid-Afrika en hy sê dat die manne van Thaba Jäh, baie daartoe bydra.

Hy is van plan om nadat sy studies voltooi is, by sy moeder in Finland te gaan kuier.

## Vereniging vir Engelse spellesing by P.U. gestig

'n Vereniging vir Engelse spellesing is by die P.U. vir C.H.O. gestig.

Die vereniging sal later 'n naam kry. Voorlopig bestaan dit net uit studente wat vir Engels III ingeskryf is.

Dr. S. Venter, lektrise in Engels, is die ere-beskermvrou van die vereniging wat in haar huis gestig is.

Die bestuur is: mnr. S. M. Finn (voorsitter), mnr. B. O. Pheiffer (ondervoorsitter) en mej. L. Heunes (sekretaresse/tesouriere); die bykomende lede is: mejj. A. Beukes, C. Spamer en S. M. Steenkamp.




Nuwe rigtings.
Nuwe vlugte – stralersnel.
Waar u ook al gaan,
Peter Stuyvesant is daar
om te geniet. Ryk, keurige
tabak in Koningsformaat –
soveel meer om te geniet!
Peter Stuyvesant ... ryk ...
geurig – jongste van
die wêreldmerke.




Vervaardig in Suid-Afrika. Ook in Londen, Sydney, Amsterdam, Kuala Lumpur, Dublin, Toronto, Salisbury, Zürich, Singapoer, Wenen, Auckland, Lusaka en Berlyn
PS

# GROOT DINGE AAN DIE KOM VIR DIE EERSTE SPAN

**GROOT dinge is aan die kom vir die manne van die P.U. se Eerste rugbyspan. Dit sluit in 'n toer na Rhodesië en 'n wedstryd teen die span van Pretoria se Universiteit.**

P.U. saam met Wits, Tuks, en manne van die Universiteit van Kaapstad moet die stryd uitspook in die Inter-Universitêre rugbyliga. Wits speel teen die manne van die Suide in Kaapstad en die Puk teen Tuks hier op ons tuisveld. Daar word nog oor 'n datum vir die wedstryd onderhandel. Oom Piet Malan het egter gesê dat dit waarskynlik nog in die huidige semester sal plaasvind.

Dan is daar die toer na Rhodesië in die komende vakansie. Bulawayo vier vanjaar sy 75ste verjaardag en as deel van die program is ses universiteite genooi om aan die rugbytoernooi daar deel te neem. Die Puk sal twee wedstryde speel in hierdie toernooi wat van die sesde tot die negende Julie sal duur.

Vanaf Bulawayo toer die span dan verder deur die land en keer weer op die 18e Julie terug na die Republiek. Die res van die toer bestaan uit 4 wedstryde teen die volgende spanne:

11 Julie Polisieklub te Salisbury.
13 Julie Manikaland-vyftiental te Umtali.
15 Julie Imyazuraklub te Imyazura.
17 Julie Udzieklub te Udzie.

Die span sal uit 22 spelrs bestaan vergesel van 'n bestuurder. Die volgende manne is vir die toer aangewys: P. Bruwer, I. Joubert, F. Swart, G. Botha, K. le Roux, D. Kock, T. van Eck, F. Postma, J. Erasmus, T. Kruger, P. Brand, A. de Bruin, W. Scott, D. de la Port, F. van Vuuren, L. White, H. Coetzee, F. van Aswegen, H. Coetzee (Hennie), D. van Aswegen, L. de Bruin, Andries du Plooy.

Dan is daar ook die groot wedstryd teen Pote wat voorlê. Hierdie wedstryd sal op 17 Augustus plaasvind. As ons egter kyk na die punte van verlede Saterdag se wedstryd teen Rustenburg sal die manne van die P.U. hulle sokkies moet optrek. Hierdie wedstryd is met 30 punte teen 18 deur Rustenburg gewen.

Daar is 'n onrusbarende lusteloosheid in die spel van die Puk se manne. Die manne is tog seker nou al goed fiks, tog is daar nog iets wat happer. Dat daar gesoek sal moet word na die fout is seker. Geen span wat nie ten volle gereed is vir die stryd kan gaan toer of 'n bul soos die manne van Pretoria aandurf nie.


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.



U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM


# LEEUS BY PUK



Kraal Kirstein, kaptein van die P.U.-ruggbyklub, skud blad met Tom Kiernan, kaptein van die besoekende Leeus tydens hul onlangse besoek aan die P.U. Van links na regs is Kiernan, Kraal, mnr. Piet Malan, en Leeu Keri Jones.

Foto: Fotokuns

# STAND VAN KOSHUIS-SPANNE

**In die Inter-koshuisrugbyliga is die A-span van Liberalia nog voor met kort op hulle hakke die manne van Dorp se A-span. Dit lyk nie of daar vanjaar keer is aan die manne van Liberalia nie. Hulle het dan ook verlede Woensdag deeglik afgereken met die manne van Over de Voor se Noord-span.**

Tans sien die puntekaart so daaruit:

| Koshuis | W | G | V | G | V | T | L |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Liberalia A | 6 | 5 | 0 | 1 | 74 | 17 | 11 |
| Dorp A | 7 | 5 | 2 | 0 | 68 | 44 | 10 |
| Makouvlei | 5 | 3 | 0 | 2 | 66 | 20 | 8 |
| Thaba Jäh | 7 | 4 | 3 | 0 | 70 | 52 | 8 |
| O. de V. | 7 | 3 | 3 | 1 | 80 | 56 | 7 |
| Kompleks | 7 | 2 | 4 | 1 | 46 | 71 | 5 |
| Makouvlei B | 5 | 2 | 3 | 0 | 33 | 54 | 4 |
| Dorp B | 1 | 1 | 0 | 0 | 11 | 5 | 2 |
| O. de V. S. | 6 | 0 | 5 | 1 | 14 | 88 | 1 |
| Liberalia B | 4 | 0 | 4 | 0 | 8 | 69 | 0 |

## *Oudstudent van P.U. presteer in vyfkamp*

Andries (As) Burger, 'n oudstudent van die P.U. het onlangs vir 'n mooi prestasie gesorg toe hy na afloop van die Springbokproewe vir Moderne Vyfkamp aangewys is as kaptein van die Springbokspan. Die span vertrek binnekort na Australië. Die span vertrek op 3 Julie en sal aan twee internasionale byeenkomste deelneem en weer op 26 Julie na die Republiek terugkeer.

**ANDER LEDE**

Die ander lede van die span is Derek Sterley en Anton Harrop-Allen. 'n Vierde lid moet nog aangewys word.

Burger, wat die tweede plek op die onlangse proewe behaal het, het Suid-Afrika reeds in 1960 in Meksiko Stad en in Berne, Switserland op die wêreldspele vir Moderne Vyfkamp verteenwoordig.

**SWEM**

Moderne vyfkamp bestaan uit die nommers, swem, skerm, pistoolskiet perdry en landloop. Elke nommer tel 1,000 punte.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.

# PUKKE VERTOON PUIK IN LANDLOOP

**Twee van die Puk se landloopatlete het verlede Saterdag eerste plekke verower in 'n landloopwedloop wat op die baan van die Universiteit beslis is.**

George Müldner, wat nou heeltemaal fiks is na sy onlangse voetbesering, het die 6.9 myl in 36 min. 28 sek. afgelê en sy naaste teenstander met meer as drie minute geklop.

Chris Hattingh (2e) en Tinus van Rooy (3e), albei Pukke, het ook puik vertoon.

**DAMES**

In die wedloop vir dames oor 2.5 myl het Analie Gildenhuys oudergewoonte skoonskip gemaak toe sy die afstand in 16 min. 27 sek. afgelê het.

Die volgende Pukke is gekies om Wes-Transvaal eerskomende Saterdag teen Oos-Transvaal te vertenwoordig: G. Müldner, C. Hattingh en T. van Rooy vir die seniorspan, E. Dunn vir die Juniorspan en A. Gildenhuys vir die dames.

## Klawerhowwers trots op sportprestasies

Klawerhof is nie sommer so 'n koshuis nie! Hul kan spog met die sportreputasie van die Puk. Hulle is nie min trots op hul enigste vroue-Springbok van die Puk nie. Bea Marais het vanjaar die hoogste sport in haar atletiekloopbaan bereik deur die Springbokspan te haal.

**HOKKIE**

Met Wes-Transvaalse hokkieproewe het Klawerhof weer eens geskitter by name van Gezina Jordaan, Jakkie Meyer en Anna Venter wat gekies is as lede van die Wes-Transvaalse span.

Nog 'n uitblinker in die Klawerhofgeledere is Veroncia Croeser, sy weet ook net hoe om 'n netbalbal raak te vat.


„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria